

MISSIE

LAERSKOOL J J VAN DER MERWE

- * Ons skep met ons verstand*
- * Ons dien met ons hart*
- * Ons vervul met entoesiasme*

Alleen die Beste!

VISIE

Laerskool J J van der Merwe in Ermelo is 'n opvoedkundige inrigting by uitstek:

- waar God Drie-enig, erken en gedien word,
- waar die kind eerste gestel word,
- waar leerders in 'n ontspanne, geborge atmosfeer begelei word om tot hulle volle potensiaal op akademiese-, kulturele- en sportgebied te ontwikkel,
- waar kinders ten volle toegerus word om hulle hoërskoolloopbaan en toekoms met hoop en verwagting tegemoet te gaan,
- waar verantwoordelikheid en selfdisipline hoekstene van die opvoeding is,
- waar respek as 'n lewenswysheid aangeleer word,
- waar opvoeders – fasiliteerders – in 'n positiewe en geborge milieu entoesiasies funksioneer om die eise van die toekoms suksesvol te bestuur,
- waar die geboue en terrein met trots en oorgawe in stand gehou en verfraai word,
- waar opvoeders, ouers en die gemeenskap saam 'n gedugte eenheid vorm, om die skool se ideale suksesvol en met entoesiasme te verwesenlik.

‘N TERUGBLIK OP ONS SKOOL

Die skool is op **10 Februarie 1903** op die plaas Uitkomst in Ermelo distrik gestig. Die doel van die stigting was om ‘n plek van onderrig te voorsien aan die kinders wat gedurende die oorlogsjare geen skoolonderrig ontvang het nie. Die skool met 25 leerlinge is deur senator W H Bührmann, met mej. Adriani die hoof, geopen.

Op **2 Augustus** van dieselfde jaar word die nuwe skool met 25 leerlinge geopen.

In **1907** word die Uitkomstskool ‘n Goewermentskool.

Mnr. J J van der Merwe aanvaar die hoofskap van die Goewermentskool van Ermelo in **Januarie 1909**.

Die koshuis wat die skool voed, word die trotse besitter van die historiese naam, **Uitkomst**.

Die klasse het vanaf Graad 1 tot Matriek gestrek. In **April 1911** word die ou skoolgebou in Smutsstraat, wat vir 400 kinders gebou is, in gebruik geneem.

In **1914** word ‘n verdere mylpaal bereik toe die Hoërskool van die Laerskool afskei.

In **Augustus 1921** word die Juniorskool afgestig, wat in **1946** met sy kwarteeufees die naam Kleinspanskool gekry het.

Mnr. J J van der Merwe is in **Januarie 1935** oorlede. In 1935 word die skool ter ere van hom die Van der Merwe skool herdoop.

Mnr. P G Roos (1935 – 1946) het hom as hoof opgevolg.

Mnr. C J James (1947 – 1953) – word inspekteur.

Mnr. B S Roberts was vanaf **1953** tot **1965** hoof van die skool.

Mnr. P Maré, vise-hoof het in **1966** waargeneem as hoof, maar hy is op **23 Oktober 1966** oorlede.

Mnr. P F Lötter het aan die begin van **1967** as hoof van die skool diens aanvaar en het die pos tot **Junie 1984** beklee.

Mnr. L G Nel neem waar van **Augustus 1984** tot **Junie 1985**.

Mnr. J L Esterhuysen beklee die hoofpos van **Julie 1984** tot **Desember 2007**.

Mnr. I J P Malan neem waar van **Januarie 2008** tot **September 2008**. Hy beklee die pos van **Oktober 2008** tot **Oktober 2015**.

Mnr. MC Nel word op **1 November 2015** as hoof aangestel.

Met die skeiding van die die Afrikaans- en Engelsmedium afdelings van die skool in Maart 1973, trek die Afrikaanssprekende leerlinge na die huidige skoolterrein in Debruinpark. Op Vrydag, 23 November 1973, word die nuwe skool amptelik in gebruik geneem.

Dr A L Kotze, eertydse Direkteur van Onderwys, neem die opening waar. Tydens dieselfde geleentheid word die naam van die skool na **Laerskool J J van der Merwe** verander.

Die skoolwapen is heraldies korrek deur die Buro vir Heraldiek in Pretoria ontwerp. Die wapen is op die oorspronklike **Van der Merwe**-wapen gebaseer.

In 2002 het die skool 'n dubbelmedium-skool geword, met die byvoeging van die Engelse klasse.

BETEKENIS VAN DIE WAPEN:

Die 15 goue penninge wat in die middel van die skild van die Van der Merwe-wapen gepryk het, is na die skildrand verplaas. Die boek is uit die ou wapen geneem en simboliseer “**Kennis**”.

Die drie veerpenninge kom uit die helm wat op die Van der Merwe-wapen was. Hulle is uit die helm geneem en na die skild verplaas en simboliseer die **verwerwing en die oordra van kennis**.

Die helm en griffioen is ook afkomstig van die Van der Merwe-wapen. Die griffioen dien as skildhouer en simboliseer **Edelheid van Karakter, Moed en Deursettingsvermoë**. Byna alle Middeleeuse wapens het die helm op gehad en simboliseer **Ridderlikheid**.

Die leuse, “**Alleen die Beste**”, is uit die ou skoolwapen oorgeneem en behou. Skoolkleure is **bottelgroen, goud, swart en wit**.

SKOOLIED:

Die woorde en musiek van die oorspronklike skoolied is deur **mev. Ella de Bruin**, eggenote van dr. Jan de Bruin, na wie Debruinpark vernoem is, geskryf.

ALGEMEEN:

Skoolure:

Graad 1 & 2 07:25 – 12:45 Maandae tot Vrydae.

Graad 3 07:25 – 13:15 Maandae tot Vrydae.

Graad 4 - 7 07:25 – 13:30 Maandae tot Vrydae.

Skoolgelde:

Die bedrag word jaarliks deur die Beheerliggaam bepaal. Dit is betaalbaar oor 'n tydperk van 11 maande. Die eerste paalement is betaalbaar op die eerste skooldag. Korting van R1 000 per leerder word toegestaan met volle vereffening voor 15 Februarie. Aansoeke vir korting op skoolfonds sluit jaarliks op 28 Februarie.

AKADEMIE:

Toetse word geskryf soos op die jaarprogram aangedui word. Alle toetse, volgens rooster, tel vir slaagdoeleindes. Ouers word versoek om toetse te teken en terug te stuur skool toe. Voortdurende assessering vind plaas.

SPORT:

Eerste Kwartaal: Atletiek, rugby, netbal, tennis en skaak.

Tweede Kwartaal: Rugby, netbal, hokkie, landloop, tennis en skaak.

Derde Kwartaal: Krieket, tennis, landloop asook hokkie, Mini-hokkie, Mini-krieket en skaak.
(Tennis mag deur die jaar op die bane gespeel word.)

Vierde Kwartaal: Soos deur skoolprogram bepaal word.

ANDER AKTIWITEITE:

- Skoolkonserter en revues: Soos per jaarprogram.
- Oueraande: Soos per jaarprogram aangedui.
- Video-vertonings: Per geleentheid.
- Opvoedkundige uitstappies: Opvoedkundige besoeke en kort toere deur die jaar in en om ons dorp.
- Koor: Woensdae by die skool, of soos gereëel.
- Entrepreneurs.
- Ekstra klasse (RO) na skool soos gereëel.
- Redenaars

- Wêreldkennis Olimpiade
- H₂O
- Op-i-planke Dramagroep
- JJ-Rakkers

GEDRAGSKODE EN REËLS

1. INLEIDING

Hierdie dokument is die gedragkode van **Laerskool J J van der Merwe**, soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragkode geraadpleeg. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998) en ander toepaslike regulasies en wetgewing.

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar te stel en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragkode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Die gedragkode onderskryf die skool se missie-stelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragkode en moet dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragkode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

2. ALGEMEEN

- 2.1. In hierdie Skoolgemeenskap is 'n gedragkode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik.
- 2.2. Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.
- 2.3. Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragkode.

- 2.4. Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die gedragskode van die skool gedra.

3. DOELSTELLINGS

- 3.1. Om aan elke leerder die volle geleentheid te bied vir optimale verwerking van vermoëns en talente op alle Christelik opvoedkundige terreine, waarop die skool hom mag begeef.
- 3.2. Om aan elke leerder die geleentheid te bied om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en 'n saakmakende rol te speel.
- 3.3. Om aan elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die skool-gemeenskap as 'n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes.
- 3.4. Om leerders die beginsel aan te leer van: "medemenslikheid, empatie, ontsag, samewerking en ondersteuning".
- 3.5. Om aan elke leerder 'n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word.
- 3.6. Om as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

4. VOOGSTELSEL – GEDESENTRALISEER

Om bogenoemde doelstellingen te bereik is 'n gedesentraliseerde voogstelsel noodsaaklik en bestaan uit die volgende fasette:

- Registerklasse
- Graadvoogde
- Bestuurspan (Hoof, Adjunk-Hoofde, Departementshoofde)
- Buitemuurse aktiwiteite – Voogde en afrigters
- Onderwysers en ouers

5. WAAR WORD DIE STREEP GETREK?

- 5.1. In elke leerling se huiswerkboekie is daar 'n vorm met kodes van oortredings.
- 5.2. In elke leerling se huiswerkboekie is daar ook 'n aantekeningvorm vir die aantekening van oortredings vir die kwartaal.
- 5.3. Leerlinge se oortredings word deur die onderwyser in die betrokke leerling se huiswerkboekie aangeteken. Oortredings word ook op die skool se stelsel aangeteken.
- 5.4. Na vyf (5) oortredings word die ouer/voog skriftelik ingelig dat die leerling detensie moet sit.

- 5.5. Na 'n verdere vyf (5) oortredings word die ouer/voog weer skriftelik in kennis gestel van die leerling se tweede detensie. Daar word ook 'n onderhoud met die ouers gevoer.
- 5.6. Na nog vyf (5) oortredings moet die leerling 'n derde detensie sit en moet ook dissiplinêr verhoor word. Die ouer/voog word weer skriftelik inlig.
- 5.7. In die geval van ernstige oortredings word die ouer/voog dadelik gekontak en moet die leerling ook detensie sit of selfs dissiplinêr verhoor word.
- 5.8. Ernstige oortredings kan onder andere die volgende insluit: Vandalisme, diefstal, rook, besit of gebruik van dwelms, aanranding, rassisme, pornografie, enige ander ernstige oortreding.
- 5.9. Indien 'n leerling se huiswerkboekie op enige stadium nie beskikbaar is nie, kwalifiseer die leerling onmiddellik vir detensie.
- 5.10. 'n Leerder kan ook van sekere voorregte soos "sokkies" die Gr 7 Afskeid, deelname aan pretdae ens ontnem word na verskeie detensies en/of sekere oortredings van die gedragskode.
- 5.11. Aan die begin van 'n nuwe kwartaal verval die vorige kwartaal se inskrywings. 'n Leerder kan ook van sekere voorregte soos "sokkies" die Gr 7 Afskeid, deelname aan pretdae ens ontnem word na verskeie detensies en/of sekere oortredings van die gedragskode.
- 5.12. Beloning vir geen inskrywings: Leerlinge wat geen inskrywings gedurende 'n kwartaal gekry het nie, ontvang 'n balkie/knopie/kenteken wat hy/sy dan die volgende kwartaal mag dra as deel van die skooldrag.

6. SKOOLREËLS EN ORDE-REËLS

Elke leerder verbind hom/haar tot die volgende reëls en regulasies van ons skool.

6.1. OPVOEDKUNDIG/AKADEMIES

- Pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning.
- Gebalanseerde deelname aan die skoolprogram (tydens en na skool).
- Indien 'n leerder sonder 'n geldige verskoning laat kom, kan hy/sy 'n inskrywing ontvang.

6.2. SKOOL-/ORDEREËLS – VERWAGTE OPTREDE:

6.2.1. Voor skool

- Wanneer die leerders die skoolterrein voor skool betree, plaas elke leerder sy/haar tas in die vierkant (Gr 4 – 7) volgens die klas waar hy/sy die eerste periode onderrig ontvang.
- Daarna gaan speel hy/sy op die speelgrond.

- **Geen** leerder word in die klas toegelaat voor skool nie, tensy die leerder toestemming ontvang het van 'n onderwyser.
- Geen leerders word tussen personeelmotors toegelaat nie.
- Geen leerders word toegelaat om in die vierkant rond te loop nie. Personeellid aan diens moet toesien dat dit geskied.

6.2.2. Gedurende periodes en wisseling

- Die leerlinge word deur die onderwyser ontvang by die klas en hulle moet die klas ordelik verlaat.
- Die klasleidster stap aan die voerpunt van die leerders en die klasleier heel agter.
- Leerders mag nie draal nie, maar flink stap na die volgende klas.
- Sodra die klok lui, wag die leerlinge tot die onderwyser die opdrag gee voordat hulle die klas verlaat.
- Leerders stap ry vir ry ordelik uit die klas uit.
- Tasse moet onder of langs die stoele gebêre word sodat die gange nie versper word nie.
- Probeer te alle tye om die meubels in die klas op te pas.
- Leerders moet alle papiertjies, ens. wat om hulle banke gemors is, optel en in die snippermandjie gooi wanneer hulle die klas verlaat.
- Tafeltjies en stoeltjies moet in ordelike rye of groepe gelaat word.
- Daar mag onder geen omstandighede op die meubels geskryf of gekrap word nie.
- Geen leerder mag tydens les-ure sonder toestemming buite 'n klaskamer wees nie.
- Geen leerder mag sonder toestemming van sitplekke verwissel nie.
- Daar mag nie gedurende lestyd gesels word nie en ook nie geëet word nie. Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Tydens onderrig moet leerders se besoeke aan die kleedkamer tot 'n minimum beperk word.
- Die klasleiers van elke klas moet die voorbeeld stel wanneer die leerders van een klas na 'n volgende beweeg.

- Alle leerders wat in gesagsposisies aangestel is, moet help met die algemene orde en dissipline tydens klaswisseling.

6.2.3. Gedurende pouses

- **Alle** klasse moet deur die onderwyser/es gesluit word tydens pouses.
- Tasse wat in die vierkant geplaas word, moet netjies in rye geplaas word. Geen spelery word hier toegelaat nie.
- Leerders verdaag dadelik na die aangewese speelterrein.

SPEELGRONDDIENS EN –REËLS Voor skool en Pouses		
GRAAD	SEUNS/DOGTERS	PLEK
Graad 1 Graad 2	Dogters Dogters	Hierdie leerders speel voor en langs die grade-kompleks.
Graad 1,2 & 3	Seuns	Op die A-veld, Suidelike helfte tot middellyn.
Graad 4 – 7	Seuns	Op die B-rugbyveld.
Graad 3 – 7	Dogters	Langs die naskoolsentrum, asook Noordelike helfte van A-veld tot middellyn.

- Geen leerder mag oor die relings klim wat die rugbyveld omhein nie.
- Geen leerder mag die skoolterrein verlaat tydens pouses nie, tensy 'n leerder toestemming ontvang het van die hoof.
- Gevaarlike speletjies moet ten alle tye vermy word. Geen speletjies met harde balle word toegelaat nie.
- Voorvalle tydens pouses wat nie deur die leerders self opgelos kan word nie, moet aan die personeellid aan diens gerapporteer word.
- Leerders moet die geleentheid benut om tydens pouses die biblioteek te besoek.
- Besoeke aan die kleedkamers moet gedurende pouse afgehandel word.
- Ruilhandel – anders as entrepreneurs – word heeltemal verbied.
- Indien speelgoed sou breek of wegraak berus die verantwoordelikheid by die leerder.
- Geen elektroniese speelgoed word toegelaat in die klasse nie.
- Selfone mag nie gedurende skoolure gebruik word nie en moet binne-in tasse gebêre word.

- Indien 'n leerling hierdie reël oortree, sal die selfoon afgeneem word en in 'n wit koevert geplaas word. Die selfoon kan by die hoof afgehaal word aan die einde van die dag.
- Selfone word op leerders se eie verantwoordelikheid skool toe gebring.
- Geen boomboxes, luidsprekers of soortgelyke apparaat word op die skoolterrein toegelaat nie.

6.2.4. Gevaarlike voorwerpe

- Geen leerder mag gevaarlike voorwerpe na die skool bring nie.
- Voorbeelde hiervan is messe, rekke, pyle, speelrewolwers, pistole, geweeptjies ens.

6.2.5. Aantree in die vierkant

- Wanneer die skooldag begin en aan die einde van die pouses, lui daar 'n klok wat beteken dat die leerders flink moet stap om aan te tree in die vierkant of by klasse.
- Leerders moet stil wees sodra hulle oor die geverfde rooi lyn beweeg.
- Die leiers moet die leerders aanmoedig om vinnig aan te tree.
- Leerlinge tree van kort na lank aan met klasleiers voor en agter.
- Seun tree voor in die ry en dogter agter hulle aan.
- Na afloop van die afkondigings beweeg die leerders **ordelik** na hul onderskeie klasse, vergesel deur hul onderskeie onderwysers.
- Alle leerders word versoek om gedissiplineerd op te tree.

6.2.6. Tydens opening in die saal

- Leerlinge moet Maandae volledige skooldrag dra, skoene ingesluit.
- Gedurende opening in die saal, moet die leerders flink die saal in beweeg.
- Geen leerder mag in die saal gesels nie, ter wille van die goeie orde.
- Daar word van leerders verwag om hartlik deel te neem aan die saal se gebeure.
- Na afloop van die saalopening beweeg alle leerders graad vir graad, ordelik uit die saal, sonder om te praat en tree buite in die vierkant aan in hul rye.
- Geen leerder mag in die saal eet of drink nie.

- Geen balspele of speletjies word in die saal toegelaat sonder toesig nie.
- Saalopening is verpligtend, behalwe waar toestemming deur die hoof gegee is.
- Leerders moet betyds wees vir saal.

6.3. HIGIËNE EN PERSOONLIKE VOORKOMS

6.3.1. Kleedkamers

- Die kleedkamers van die leerders moet ten alle tye netjies gelaat word deur leerders. Daar is vullishouers.
- Die leerders moet water en toilet papier oordeelkundig gebruik.
- Geen toilet papier mag gemors word nie.
- Draai krane behoorlik toe.
- Geen speletjies mag daar gespeel word nie.
- Geen kledingstukke mag in die kleedkamers agter gelaat word nie.
- Geen kos mag by die kleedkamers ingeneem word nie.
- Geen leerder mag op deure of mure skryf nie.

6.3.2. Hare, naels en juwele

6.3.2.1. SEUNS

- Voorskrif rondom die lengte van die hare en haarstyle van die seuns word deur die hoof bepaal.
- Geen seun se hare mag oor sy ore, kraag of oë hang nie.
- Geen leerder word toegelaat om 'n "step" in sy hare te sny of enige ander snaakse styl nie. Seuns word nie toegelaat om hul hare te kleur of te bleik nie.
- Mediese armbande of hangertjies kan gedra word. (Medic Alert)
- Alle seuns se naels moet netjies geknip en skoon wees.
- Geen tydelike of permanente tatoeëermerke word toegelaat nie.
- Geen juwele mag deur seuns gedra word nie – slegs horlosies word toegelaat by seuns. Hierdie reël sluit in tongringe, ens.

- Slegs kulturele/godsdienstige armbande kan met toestemming van die hoof gedra word.
- Slegs amptelike skoolbalkies mag gedra word op 'n groen skoolbaadjie.

6.3.2.2. DOGTERS

- Die dogters moet hulle hare netjies dra. Geen hare mag in die oë hang nie. Dogters word nie toegelaat om hul hare te kleur of te bleik nie.
- Hare wat oor die kraag hang moet vasgebind word met:
 Pompoms/rekkies/linte: Skoolkleure alleen of skoolkleure gemeng.
 Haarbande: Bottelgroen of skoolroklap, asook "buffs".
 Scrunchies: Bottelgroen of skoolroklap.
 Pompoms: Skoolkleure alleen of skoolkleure gemeng.
 Haarbenodighede is by die JJ Klerewinkel te koop.
- Die dogters se naels moet netjies geknip wees.
- Geen vals naels word toegelaat nie.
- Geen naellak mag deur dogters gedurende skoolure gedra word nie.
- Dogters word toegelaat om klein silwer/goud ooringetjies, klein silwer/goud oorknoppietjies met geen steentjies nie, te dra. Slegs seëlringe mag gedra word.
- Geen hangertjies nie.
- Mediese armband, hangertjies of 'n Nomination armband – met **slegs** die Medic Alert skakel kan gedra word.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Geen tydelike of permanente tatoeëermerke word toegelaat nie.
- Slegs kulturele/godsdienstige armbande kan met toestemming van die hoof gedra word.
- Slegs amptelike skoolbalkies mag gedra word op 'n groen skoolbaadjie.

NETHEIDSKONTROLE

Netheidskontrole word elke dag deur die voogonderwyser gedoen, asook per geleentheid soos deur die personeel bepaal.

6.4 KLEREDRAG

6.4.1. Skooldrag

- Leerlinge moet netjies en onberispelik geklee wees.
- Volledige skooldrag, soos hieronder uiteengesit, moet op Maandae tydens saalopening gedra word, skoene ingesluit.
- Volledige Provinsiale sweetpakke met tekkies mag op die laaste Vrydag van die maand gedra word. Provinsiale kortbroeke en hemde word nie toegelaat nie.
- Die skoolbaadjie is net verpligtend vir Leiers.
- Die sweetpakbaadjie mag apart van die broek gedra word in die plek van die skoolbaadjie. Die sweetpakbroek mag nooit sonder die sweetpakbaadjie gedra word nie.
- Geen windjakkers en oormusse nie.
- Slegs groen musse mag voor skool en tydens pouse gedra word in die winter.
- Slegs serpe en “buffs” soos by die klerewinkel verkoop word, mag gedra word.
- Kinders wat skoolaktiwiteite bywoon, moet in volle skooldrag geklee wees. Tydens sportbyeenkomste mag ondersteunersdag gedra word.
- Nuwe leerlinge mag skooldrag van vorige skool dra totdat JJ-Skool-drag aangeskaf word.

6.4.1.1 WINTERSDRAG (1 Mei tot 31 Augustus)

Dogter (Graad 1 - 7)

- **Skoolrok** met swart broekiekouse en swart skoolskoene word gedra met: skoolbaadjie/trui/oortrektrui/sweetpakbaadjie
- **Groen langbroek** met swart skoolskoene en groen skoolkouse word gedra met: wit kraaghemp en skoolbaadjie/oortrektrui/trui/skoolsweetpakbaadjie

Seuns (Graad 1 - 7)

- **Grys kort- of langbroek**, swart skoolskoene met lang grys kouse word gedra saam met: 'n grys hemp en skoolbaadjie/trui/oortrektrui/sweetpakbaadjie.
- Geen skoolsweetpak mag gedra word as skooldrag vanaf 1 September 2024 nie.

6.4.1.2. SOMERSDRAG (In koue weer word Wintersdrag riglyne gevolg)

Dogters (Graad 1-7)

- **Skoolrok** met swart skoolskoene en groen skoolkouse gedra met: skoolbaadjie/sweetpakbaadjie/trui/oortrektrui. Kaalvoet is opsioneel.

Seuns (Graad 1-7)

- **Grys kort- of langbroek**, gryshemp met skoolskoene en lang grys kouse word gedra met: skoolbaadjie/sweetpakbaadjie/trui/oortrektrui. Kaalvoet is opsioneel.
- **Geen JJ** sporthemp mag gedra word nie, slegs 'n gryshemp.
- Geen skoolsweetpak mag gedra word as skooldrag vanaf 1 September 2024 nie.

6.4.2. Sportdrag

- Die bestaande skoolsweetpak met tekkies sal as sportdrag deur leerders van Graad 1 tot 7 gedra word.
- Sportdrag en sportsakke is by die klerewinkel beskikbaar.
- Wanneer enige leerder van ons skool, die skool op die sportveld verteenwoordig, moet hy/sy geklee wees in die sportdrag soos deur die skool voorgeskryf.
- Alle leerlinge moet ten alle tye netjies voorkom op die sportveld.
- Indien 'n leerder nie in besit is van die drag nie, moet die afrigter deur die kind in kennis gestel word sodat hy/sy die saak kan oplos.
- Volledige sportdrag moet tydens wedstryde gedra word.
- Sokkies moet in skoolkleure wees - donkergroen, of grys. JJ – Versus kouse mag gedra word.
- Sportdrag mag op dae wanneer daar wedstryde plaasvind, tydens skoolure gedra word. Skoolsweetpak en tekkies mag gedra word.

- Enige skipant onder 'n sportbroekie moet in dieselfde kleur wees as die sportbroekie. Slegs groen of swart.

6.4.3 Buitespel-drag/LO-drag

- Sporthemp, met 'n swart kortbroek, moet tydens LO periodes gedra word. Skoolsweetpak mag ook gedra word in koue weer. (Beide seuns en dogters)
- JJ-opwarmhemp mag alleenlik onder die sweetpak gedra word saam met 'n JJ sporthemp.
- Geen skipant mag alleen gedra word nie. Dra 'n gepaste kortbroek bo-oor in dieselfde kleur. Slegs groen of swart.
- Na LO mag tekkies gedra word of kaalvoet loop. Geen plakkies/Crocs nie. Sokkies moet in effe skoolkleure wees – donkergroen en grys. JJ – Versus kouse mag gedra word.
- Indien nie buitespel-drag aan het nie, moet skoolklere na Buitespel/LO aangetrek word.
- Die dag wat jy buitespel het moet/kan jy jou buitespel klere aantrek skool toe.

6.4.4 Ondersteunersdrag

Ondersteunersdrag is ook op bestelling by die Klerewinkel beskikbaar.

6.4.5 Klerewinkel

Besigheidsure: Maandag-Donderdag: 12:00 - 15:00.
Vrydag: 11:00 – 14:00.

Plek: Lokaal langs die Naskoolklasse, regs van die hoofhek van die skool.

6.4.6 Gewone Klere:

Die skoolreëls is van toepassing vir hare, naels en juwele (p12 en 13). Dra asseblief toepaslike drag. Geen geskeurde denims.

6.5 AFWESIGHEDE

Algemeen

- Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander geldige rede van skool afwesig wees.
- **Leerders moet ten minste 2½ ure per dag teenwoordig wees om aanwesig gemerk te word.**

- **Ouer moet die skool in kennis stel indien 'n leerder nie by die skool kan wees nie en die rede daarvoor aandui.** Indien 'n leerder langer as 2 dae afwesig is, behou die skool die reg voor om 'n doktersertifikaat aan te vra.
- Leerders is verplig om toetse en formele assesserings te skryf.
- Leerders wat afwesig is tydens 'n toets, moet 'n mediese sertifikaat inhandig, of sal 'n nul kry vir toets.
- Ongereelde skoolbesoek steur die leerder in sy/haar vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en onbevoegdheid. Ongereelde skoolbesoek moet by die onderwysdepartement aangemeld word. Net soos elke volwasse persoon 'n werk het en daarna streef om dit goed te doen, so moet elke leerder skoolgaan as sy daaglikse werk beskou en dit na die beste van sy/haar vermoë doen.
- Gedurende skoolure word dringende verlof deur die kantoor verleen, in die geval van ernstige siekte, dood of begrafnis, besoek aan 'n spesialis, ens. Ten alle tye moet die ouers persoonlik die leerders by die **kantoor** kom haal en uitteken. Geen leerders mag by die ingange of op die sypaadjie vir hul ouers wag nie.
- Leerders wat afwesig was, moet self met opvoeder reël om agterstallige werk in te haal.

6.5.1 Terrein verlaat tydens skoolure

- Sodra leerders die skoolterrein betree het, mag niemand die terrein verlaat nie, pouses ingesluit.
- Verlofbriewe moet deur die registeronderwyser onderteken word.
- Sodra leerders die skoolterrein betree het, mag niemand die terrein verlaat nie, pouses ingesluit.
- Verlofbriewe moet deur die registeronderwyser onderteken word.

6.5.2 Besering en siekte tydens skoolure

- Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek is, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word.
- So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as die ouers.
- Geen leerder mag self huis toe skakel en rapporteer dat hy/sy siek is of beseer is en versoek dat hy/sy gehaal moet word nie.
- Slegs personeel sal ouers oor siekte of besering inlig.

6.6. GEDRAG VAN ONS LEERDERS TEENoor:

6.6.1 Onderwysers

- Ons moet ons onderwysers beskou as ons leermeesters en raadgewers, mense wat altyd bereid sal wees om ons leiding te gee.
- Hulle is ook die persone wat elke kind se vordering op elke terrein van ons skoollewe fyn dophou.
- Van leerders word verwag om hoflik en vriendelik te wees teenoor hulle onderwysers en hulle behoorlik te groet.
- Van leerders word verwag om gehoorsaam te wees en daaglikse opdragte en huiswerk na die beste van hulle vermoë uit te voer.
- Van leerders word verwag om hulle altyd ordentlik te gedra en so te sorg vir die goeie dissipline en orde van ons skool.
- Van die leerders word verwag om in alle opsigte lojaal teenoor ons skool te wees; daar sal nooit met minagting van ons skool, ons onderwysers en mede leerders gepraat word nie.

6.6.2 Ander leerders:

- Alle leerders moet mekaar met die nodige respek en eerbied behandel.
- Ons sien na ons seniors op om ons goeie orde, gees en tradisies van ons skool na te kom.
- Van alle leerders word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op verskillende terreine van die skoollewe.
- Leerders moet vriendelik en beleefd teenoor mekaar wees.
- Leerders moet verdraagsaam wees teenoor mekaar, nie baklei of onnodig kwaad word, van mekaar kwaad praat, mekaar vloek en uitskel of mekaar terg nie.
- Geen rassistiese op- of aanmerkings mag teenoor mede-leerders gemaak word nie.
- Leerders respekteer mekaar en geen gemene of vuil spel word toegelaat nie.

6.6.3 Optrede in die openbaar

- Ons optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy by 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.
- Leerders moet nie laks wees in hul houding nie, teen mure of pilare leun of met hande in die broeksakke staan nie.

- Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons is in skooldrag 'n advertensie van ons skool en moet die skool se naam hoog hou.
- Wees hoflik en vriendelik teenoor almal. Groet besoekers/werkers beleefd. Wees nederig en op jou plek. Sorg dat daar net met lof van ons gedrag, optrede en kleredrag gepraat word. Indien 'n leerder hom/haar nie in die openbaar kan gedra nie, is dit jou plig om hom dadelik te berispe en indien nodig, te rapporteer.
- Leerders moet mekaar berispe as hulle verkeerd doen. Leerders moet hulself altyd en oral so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou sal word.
- Nuwe leerders word vriendelik ontvang en laat hulle gou tuis voel.

6.7 SPORTVELDE

Die sportvelde en sportfasiliteite moet maksimaal deur die leerders benut word, maar **nie** misbruik word nie.

6.7.1 Krieketblaaie

- Die krieketblaaie mag slegs gebruik word tydens krieketwedstryde of oefeninge soos gereël deur die skool.
- Geen leerder mag in die middag sonder toestemming op die krieketblaaie speel nie.
- Geen leerder mag gedurende vakansies op die krieketblaaie speel nie.

6.7.2 Tennisbane

- Slegs leerders met tennisskoene en hardloopskoene word op die bane toegelaat.
- Die tennisnette moet nie beskadig word deur daaroor te spring of onnodig daaraan te verstel nie.

6.7.3 Netbalbane

- Geen persone met skoene wat merke kan laat op die baan word op die netbalbane toegelaat nie.
- Geen skaatsplanke of rolskaatse word op die bane toegelaat nie.
- Geen spelery met krieketkolwe of hokkiestokke sonder toestemming nie.

6.7.4 Rugbyvelde

- Niemand mag **gholf** speel op die rugbyvelde nie.

6.7.5 Atletiekbaan

- Wanneer die atletiekbaan gedurende die atletiekseisoen gemerk word, moet die leerlinge nie oor die baan hardloop nie, behalwe wanneer daar toesig is.

6.7.6 Sportoefening – getrouheid en inspanning

- Wanneer 'n leerder besluit het om aan 'n sportsoort deel te neem, verwag ons dat hy/sy enduit sal deelneem en nie tou opgooi nie.
- Oefeninge moet getrou bygewoon word. Laatkom moet vermy word. Sukses word deur harde en getroue oefening verkry.
- Verskonings moet vroegtydig gemaak word by die afrigters indien 'n speler nie 'n oefening of wedstryd kan bywoon nie.

6.8 KULTUURAANDE EN OUERAANDE

- Tydens alle kultuur- en oueraande, wat in die saal plaasvind waar leerders teenwoordig is, word van die leerders verwag om dieselfde selfdisipline te openbaar as tydens saalopening gedurende skoolure.
- Onnodige rondlopery moet uitgeskakel word.
- Wanneer leerders wag om die verhoog te betree tydens optredes, moet alles stil verloop.
- Leerders wat funksies by die skool bywoon, moet in skooldrag geklee wees.

6.9 ELEKTRIESE INSTALLASIES

- Geen leerder mag by die skakelborde of elektriese installasies peuter nie.
- Geen leerder mag met ligskakelaars peuter nie.
- Geen leerder mag 'n elektriese koord met 'n prop by 'n elektriese skakelaar inprop nie.

6.10 BREEKSKADE EN KWAADWILLIGE BESKADIGING

- Geen skade of kwaadwillige beskadiging van privaat eiendom of skoolseiendom word toegelaat nie.
- Enige voorvalle moet onmiddellik by die verantwoordelike personeelld gerapporteer word.
- Skade sal deur die skuldiges vergoed word.
- Beskadigde of verlore hand- en leesboeke, sal deur ouers betaal word.

6.11 ONTGROENING

- Geen ontgroening mag op die skoolterrein plaasvind nie. Geen leerder mag op die skoolterrein beledig of geïnkrimineer word nie.

6.12 FIETSLOODS, FIETSE, SKAATSPLANKE EN ROLSKAATSE

- Alle leerders moet hulle fietse netjies in die fietsloods in die fietsrakke bêre. Alle fietse moet gesluit wees.
- Geen leerder word by die fietsloods toegelaat tydens skoolure nie, behalwe as hy/sy toestemming het van die hoof.
- Die leiers van die skool moet enige probleme by die fietsloods aan die naaste personeellid rapporteer.
- **Geen** leerder mag met sy/haar fiets op die skoolterrein ry nie.
- **Geen** skaatsplank of rolskaatse word op die skoolterrein toegelaat nie.

6.13 SPEELAPPARAAT VAN DIE GRONDSLAGFASE

Slegs kinders van die Grondslagfase (Gr 1, 2 en 3) word toegelaat om op die apparaat te speel.

6.14 TELEFOON

- Telefoonoproepe sal slegs toegelaat word nadat 'n leerder 'n brief van sy/haar voogonderwyser ontvang het en saambring na die kantoor.
- Leerders word versoek om nie onnodig te skakel nie.
- Werklike noodoproepe sal deur die kantoordames toegelaat word.
- Selfone **moet** tydens skoolure en pouses afgeskakel word – selfone kan vir die dag gekonfiskeer word.
- Ouers mag slegs deur die kantoor geskakel word. Geen leerling mag ouers tydens skoolure skakel om hulle te kom haal nie.
- Geen leerder word toegelaat om 'n wegneemete te bestel vir aflewering by die skool nie.

6.15 SKOOL VERLAAT

- Wanneer 'n leerder weet dat hy/sy die skool gaan verlaat, moet so 'n leerder 'n week voor die tyd by die sekretaresse aansoek doen om 'n oorplasingstifikaat.
- Die handboek- en Medialys moet ook geneem word na al die vak-onderwysers wat moet teken dat die leerders se handboeke ontvang is.

6.16 ALGEMEEN

- Deur die skoolreëls te gehoorsaam bevorder ons die gehalte van onderrig, gees en gesindheid teenoor mekaar in die skool. Ons is trots en lojaal teenoor ons skool.

Ouers se verantwoordelikheid:

- Ouers moet toesien dat leerders hul huiswerk doen. Moenie net huiswerkboek teken nie, kontroleer elke boek.
- Indien iets voorval wat tot gevolg het dat leerders se huiswerk nie gedoen is nie, moet 'n verskoningsbrief aan die betrokke onderwyser gestuur word.
- Ouers moet toesien dat huiswerk wat vandag vir môre gegee word, gedoen word. Sekere werk moet daagliks vasgelê word, soos Wiskunde, Spelling, Lees.
- Ondersteun jou kind om tot 'n verantwoordelike en eerlike volwassene te ontwikkel, deur nie onnodig verskonings uit te dink nie.
- Help jou kind betyds om die nodige inligting/benodigdhede te kry vir 'n opdrag, sonder om die opdrag vir hom/haar te doen.
- Vra vir jou kind waarom 'n werkstuk onvoltooid is.
- Teken toetse tydens toetsreeks wat beskikbaar is.
- Ouers moet toesien dat leerders nie onnodig van die skool afwesig is, of tydens skooltyd onnodig gehaal word nie. **Tandarts- en doktersafsprake moet, waar moontlik, verkieslik nie tydens skoolure gemaak word nie.**
- Indien afwesig, sien toe dat leerder werk inhaal.
- Dien 'n afwesigheidsbrief in indien die leerder afwesig was.
- Merk klere en skoene van leerders.
- Nuusbriewe word op sosiale media geplaas.
- As besoeker moet u ten alle tye eers by die kantoor aanmeld alvorens u na 'n klaskamer gaan.
- **Tasse:** Ouers word versoek om ordentlike tasse aan te skaf. Alle tasse moet van so 'n aard wees dat dit stewige rakke of afskortings bevat.
- Geen leerder mag sonder toestemming uit die klasse verwyder word nie.
- Leerders moet deur ouers by die kantoor uitgeteken word.

Kind se verantwoordelikheid:

- Huiswerkboek moet elke dag in jou tas/klas wees.
- Huiswerk moet korrek van die bord afgeskryf word.
- Doen elke dag getrou jou huiswerk.
- Indien die leerder nie sy/haar huiswerk getrou doen nie, sal die leerder nie die volledige werk hê vir die toetsreeks nie.
- Werk in die klas, dit verminder jou huiswerkklading.
- Wees eerlik oor waarom jou huiswerk nie gedoen is nie.
